DSPACE

https://dspace.org/

N G KERK WELKOM- WES: REFORMING UNITY TEMPLE. Part 1 : What the building wants to be.

Kotze, Paul

2013-01
Picasso
http://hdl.handle.net10539/13506
Peters,Walters and Kotze,Paul.2013. N G KERK WELKOM- WES: REFORMING UNITY TEMPLE. Part 1 : What the building wants to be. Architecture SA 2013:Jan/Feb. p 35-45

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

OKTOBER 1969. No. 19. SOUTHERN LIFE GEBOU 100. PRETORIUSSTRAAT. PRETORIA.

CONTRA MUNDUM:

"A valid architecture evokes many levels of meaning and combinations of focus; its space and its elements become readable and workable in several ways at once. But an architecture of complexity and contradiction has a special obligation towards the whole; its truth must be in its totality or its implications of totality."

Robert Venturi.

CREDO


Uit die aard van ons Westerse verbondenheid, is ons boukuns van die begin af aan sterk deur Europese tendense en gedagtestrominge beïnvloed. So is ook die prototipes van ons tradisionele kerkbou uit Europa afkomstig: Hendrick de Keyser se Noorderkerk te Amsterdam, die klassieke witgekalkte kerk van die Middellandse See lande en die klipsteen kerk van landelike Engeland.


Gedurende die 17e en 18e eeue het die Gotiese karakter van die Nederlandse kerkbou behoue gebly, selfs ook daar waar dit met klassieke style vermeng is. Hierdie tradisie word getrou nageboots in die eerste kerk, die Groote Kerk, wat in Kaapstad omstreeks 1704 gebou word. Die Laat-Barok en Rokoko style (voorbeelde: N. G. Kerk, Tulbagh 1743; N. G. Kerk, Paarl 1805; N. G. Kerk, Caledon 1812) moes stadigaan plek maak vir die Neo-Klassisme (voorbeelde: Anglikaanse Kerk, Simonstad 1828, ontwerp deur William Jones; St. Andrew's Presbiteriaanse Kerk, Kaapstad 1827 - 28, ontwerp deur Henry Reveley, sowel as verskeie kerke in Oos-Kaapland, in besonder die merkwaardige St. John's Kerk te Bathurst, ontwerp deur majoor Mitchell in 1829).


Die Gotiese herlewingstyl, wat saamval met 'n godsdienstige herlewing na die Napoleontiese oorloë in Europa aan die begin van die 19de eeu, maak vir die eerste keer sy verskyning aan die Kaap in die Roomse Katolieke Kerk wat in 1821 naby Caledonplein opgerig word.

In 1824 word daar ook begin met die bou van die St. George's Kerk in Grahamstad en die N.G. Kerk in Worcester, beide in die kenmerkende Gotiese boustyl. Direkte nabootsings van Engelse kerke kan ook aangetref word in die eerste St. George's Kerk in Kaapstad (1830) (vergl. St. Pancras, London) en die N. G. Kerk te Cradock (1868) (vergl. St. Martins-in-the Field).

In die jare na 1830 neem die gewildheid van die Gotiese herlewingstyl in Engeland steeds toe, veral as gevolg van die











N.G. KERK, WELKOM, O.V.S.

Argitek: Roelof Uytenbogaardt



publikasie van Pugin se „Contrasts" in 1833. In Suid-Afrika kom hierdie styl eers tot volle ontplooiing in kerkbou teen die middel van die 19de eeu, veral in die platteland, waar die kerk die sentrale punt word van 'n betreklik welvarende, diep-godsdienstige landelike lewe (voorbeelde: N. G. Kerk, Beaufort-Wes 1832; N. G. Kerk, Montague 1858; N. G. Kerk, Swartland, 1860; N. G. Kerk, Graaff-Reinet 1886). Teen die einde van die vorige eeu getuig die kerke van Sir Herbert Baker, geïnspireer deur die sg. „Kentish School", van die eenvoud van die Engelse landelike kerkbou (voorbeelde: St. Barnabas Kerk, 1896, en die Memorial Church of St. John the Evangelist, Mafeking 1902). Die kerkgebou wat stellig die invloed van die Engelse katedrale



2